

Triomf

UITGAVE 14

SEPTEMBER 2026



*Daar's werk, komaan.
Streef na die kroon!*



Volg ons op ons
WhatsApp kanaal deur
die ikoon te klik.





TRIOMF



Nuusbrief van Trio Primêr Kroonstad Verwoerdstraat 1 Tel: 056 212 5702 navrae@trioprimer.co.za
Skoolhoof: Mnr. Jaco Viljoen BL-voorsitter: Mnr. Awie Snyders info@trioprimer.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

En net so is ons alweer aan die einde van die derde kwartaal! Wat 'n kwartaal was dit nie - vol uitdagings, harde werk, mooi oomblikke en talle redes om dankbaar te wees.

Ek wil uit my hart vir elkeen van julle dankie sê. Aan my personeel, dankie vir julle ongelooflike toewyding, geduld en liefde waarmee julle elke dag ons leerders ondersteun. Julle gee soveel van julleself, dikwels sonder dat iemand dit raaksien, en dit maak 'n groot verskil. Ouers, dankie dat u saam met ons stap. Julle ondersteuning, aanmoediging en betrokkenheid beteken meer as wat woorde kan sê.

Aan ons leerders, ek is trots op elkeen van julle. Dankie vir julle harde werk, deursettingsvermoë en die manier waarop julle aanhou probeer, selfs wanneer dinge moeilik raak. Onthou dat elke klein tree vorentoe belangrik is.

Nou is dit tyd om asem te haal, die boeke 'n bietjie neer te sit en die vakansie te geniet. Rus lekker, lag baie, spandeer kosbare tyd saam met die mense vir wie julle lief is en maak mooi herinneringe.

Onthou: 'n Kwartaal word nie net gemeet aan punte en prestasies nie, maar ook aan die mense wat ons geraak het, die lesse wat ons geleer het en die groei wat in elkeen plaasgevind het.

Geniet die welverdiende ruske. Mag julle veilig wees en met nuwe hoop en krag terugkeer vir die volgende kwartaal.



Inentingsveldtog teen masels.

Ons het 'n kennisgewing van die Departement van Gesondheid saam met u kind se rapport uitgegee op Woensdag 23 Sept.

Daar vind D.V. in Oktober 2026 'n inentingsveldtog teen masels plaas.

Let wel: dit dien as 'n 'booster'-ent. So kinders wat as baba wel die masels-ent ontvang het, kan dit weer ontvang.

Neem asb. kennis dat u die vorm moet voltooi en terugstuur, selfs al verkies u dat u kind nie die inenting ontvang nie. Ons moet dit op rekord hou.

Indien u nie die inenting wil hê nie, vul u kind se naam en geb.dat in, onderteken die vorm en trek net 'n streep deur die opsies met die woorde: 'Gee nie toestemming nie'.

Geen kind sal ingeënt word sonder u skriftelike toestemming nie.

Indien u dit wel wil ontvang, is u welkom om teenwoordig te wees tydens die prosedure. Dui dit asb. so op die vorm aan. Ons sal u op hoogte hou van die datum, sodra dit geskeduleer word.

Kontak gerus me. Helena Roets vir enige navrae by 082 787 6052.

Kennisgewing van **2026** Algemene Jaarvergadering en **2027** Begrotingsvergadering



Maandag 26 Oktober 2026, 17:15



Trio Primêr skoolsaal



**Ouers, personeel en alle belanghebbendes
welkom.**



'n Kworum van 10% van ouers word vereis vir die
vergadering waartydens die begroting voorgelê
en aanvaar word.



Begroting beskikbaar by die Finansiële kantoor
vanaf 16 Oktober 2026.



Klik op die skakel vir 'n opsomming
van die begroting en verduidelikende
dokument.



*Daar's werk, komaan.
Streef na die kroon!*

SKOOL SNOEPIE-TENDER 2027 - 2028

Trio Primêr nooi belangstellende, geskikte en betroubare diensverskaffers om tenders in te dien vir die bedryf en bestuur van die skool se snoepie vir die tydperk 2027 – 2028.



INLIGTINGSESSIE / TERREINBESIGTING

Maandag, 5 Oktober 2026

om 10:00

By die skool se snoepie.



SLUITINGSDATUM EN -TYD

Vrydag, 9 Oktober 2026

om 12:00



WAAR OM TENDERS IN TE DIEN

Tenders kan ingedien word by die administratiewe kantoor van Trio Primêr, of per e-pos na:

hod@trioprimer.co.za

MINIMUM VEREISTES

- ✓ Relevante ondervinding in die bedryf van 'n skoolsnoepie
- ✓ Voldoening aan alle voedselveiligheids- en higiënevereistes
- ✓ Geldige Sertifikaat van Aanvaarbaarheid (SvA), waar van toepassing
- ✓ Voorgestelde spyskaart en pryslys
- ✓ Verwysings
- ✓ Vermoë om die snoepie selfstandig te bestuur en te bedryf



*Saam vir
ons kinders
se toekoms!*

LAAT TENDERS SAL NIE OORWEEG WORD NIE.

Trio Primêr behou die reg voor om nie noodwendig die laagste of enige tender te aanvaar nie.



TRIO PRIMÊR SE GHOLFDAG



BY KROONSTAD COUNTRY CLUB



DATUM
9 OKTOBER 2026



BETTERBALL



SHOTGUN
11:00



INSKRYWING
R250 PER
PERSON



Goeie vriende. Goeie gholf. Goeie doel.



VIR BESPREKINGS:
FRANCO
071 174 7020



BORGE EN BOF NAVRAE:
DORETTE
084 580 6070

Trio Primêr in samewerking met **Motus** **KROONSTAD**

YOUR DESTINATION. MORE CHOICE. BETTER DRIVING.



SCAN TO EXPLORE OUR RANGE

View vehicles, get more information
or speak to our team.



BUILT FORD TOUGH



CHERY
FUN TO DRIVE

Motus **Select**
KROONSTAD
QUALITY PRE-OWNED VEHICLES



NEW & USED
VEHICLES



FINANCE
SOLUTIONS



SERVICE &
MAINTENANCE



PEACE OF
MIND

MOTUS KROONSTAD

ONE TEAM. **MORE BRANDS.** BETTER FOR YOU.

Trio Primêr

Ons Jaarblad 2026!

Vang die beste oomblikke vas!

'n Pragtige herinnering vir ewig.

Jou kind se skoolfoto's,
sport en kultuur hoogtepunte.

Al hul avonture saamgevat in
'n kosbare jaarblad!

Adverteer op ons Jaarblad

Bestel Jou Jaarblad



Trio Primêr Resepteboek

Deel jou resep hier!



Liewe Ouers

Indien julle enige ou klere, speelgoed, boeke, huishoudelike artikels of ander bruikbare items het wat nie meer gebruik word nie, sal ons dit met groot waardering ontvang.

As 'n blyk van dankbaarheid ontvang elke leerder 'n roomys vir elke vol swartsak wat ingehandig word.

Vir verdere navrae kan julle gerus vir Salomé kontak by
063 904 2379.

Baie dankie vir julle ondersteuning, omgee en liefde vir ons skoolgemeenskap. Julle bydraes help om 'n werklike verskil te maak.



TRIO

KARNAVAL

Saterdag, 31 Oktober 2026

Trio Primêr rugbyveld

**As daar enige uitstallers is bel gerus en
boek jou plek!!**

Bennita 078 732 5153

admin@triokleuter.co.za

Uitstallers dit is nou julle tyd om te bespreek!!

Kom geniet dit saam met ons!!





TRIO GOUÉ GILDE



Word deel van die **Trio Goue Gilde**.
Verewig jou naam by **Trio**.
Beperkte plaatjies beskikbaar.



1. **Volg die stappe:** Doen die betaling. Klik op die ikoon vir bankbesonderhede.
2. Klik op die ikoon en vul die Google-vorm in.
3. Stuur bewys van betaling aan bemarking@trioprimer.co.za
4. Gebruik asb. die verwysing GG26-naam wat op die plaatjie moet wees



Verewig jou naam en wees #TrotsTrio



Verwoerdstraat 1, Kroonstad, 9499

Navrae:

063 904 2379



www.triopprimer.co.za



bemarking@trioprimer.co.za

Oesversekering:
Hael
Inkomste Waarborg
Advies

Bateversekering:
Hulp met huidige skedules,
nuwe kwotasies,
advies.



082 555 0784

PLATINUM
AGRI MAKELAARS



TRIO
Primêr

Advertering

2026

Geagte Adverteerder,

Uitnodiging om by Trio Primêr te Adverteer

By Trio Primêr is ons voortdurend op soek na maniere om ons gemeenskap te betrek en te ondersteun. Ons is opgewonde om u die geleentheid te bied om by ons skool te adverteer en sodoende 'n waardevolle bydrae tot ons opvoedkundige omgewing te lewer.

Waarom by ons adverteer?

- Groot dekking: Ons skool het 'n groot en diverse gemeenskap van ouers, onderwysers en leerders wat gereeld ons fasiliteite en kommunikasiekanale gebruik.
- Gemeenskapsbetrokkenheid: Deur by ons te adverteer, ondersteun u nie net ons skool nie, maar ook die breër gemeenskap.
- Positiewe Assosiasie: U handelsmerk sal geassosieer word met opvoeding en gemeenskapsontwikkeling, wat 'n positiewe beeld vir u besigheid skep.

Adverteringsopsies en Koste:

- Skoolnuusbrief (TRIOME):
 - Volblad Advertensie: (210mm x 297mm) R150 per uitgawe
 - Halfblad Advertensie: (210mm x 148.5mm) R100 per uitgawe
 - Maandelikse Pakket (4 uitgawes): R500 vir volblad, R300 vir halfblad
- Skoolwebwerf (TRIO SNUFFEL):
 - Maandelikse Pakket: R500 (ingesluit 'n versoek tot aksie-knoppie)
- Sosiale Media (Facebook / Instagram / WhatsApp channel "Trio Primêr Kennisklets"):
 - R100 per uitgawe per sosiale platform

Ons is oop vir verdere bespreking van die pakkette om aan u spesifieke behoeftes te voldoen. Ons glo dat hierdie vennootskap voordelig sal wees vir beide u besigheid en ons skoolgemeenskap.

Indien u belangstel om by ons te adverteer of enige vrae het, kontak ons asseblief by 063 904 2379 of bemarking@trioprimer.co.za.
Ons sien uit daarna om van u te hoor.

Baie dankie vir u tyd en oorweging.

Vriendelike groete,

Salome de Boer

Trio Bemarking

Epos: bemarking@trioprimer.co.za

Sel: 063 904 2379

*ontwerp deur
Salome de Boer*